

# Abraham vertrou op God

## Genesis 12-17

Abraham en sy vrou, Sara, was baie lief vir God.

Op 'n dag het God vir Abraham gesê om na 'n nuwe land toe te trek. Abraham, Sara en hulle helpers het al hulle goed opgepak en gegaan.

Abraham se broerskind se naam was Lot. Lot en al sy helpers het ook saamgegaan.

Die helpers het begin baklei. Daar was nie genoeg gras vir al die diere nie. Toe sê Abraham vir Lot: "Kies die deel van die land waar jy wil bly."

Lot het die beste deel gekies. Dit het die meeste groen gras en die meeste water vir die diere gehad. Lot het na sy nuwe huis toe getrek.

Toe seën God vir Abraham. God het gesê: "Die hele land wat jy hier sien, gaan eendag vir altyd aan jou behoort. Jy en Sara sal ook geseën wees met baie kinders."

God het vir Abraham en Sara na 'n plek toe gelei met die naam Hebron. Dit was baie mooi daar. (Uit: Bybelstories vir beginners)



## Beantwoord die volgende vrae:



1. Wat het God vir Abraham gesê om te doen?

   ___________________________________

   ____________________________________________________________

2. Sou jy al jou goed opgepak het en na 'n nuwe, vreemde plek toe te gaan?

   _____________

3. Wie was Lot? ________________________________________________

4. Wat het die helpers begin doen en hoekom? ________________________

   ____________________________________________________________

5. Wat het Abraham vir Lot gesê?

   ____________________________________________________________

6. Hoe het die deel gelyk wat Lot gekies het?

   ____________________________________________________________


7. Wat het God toe vir Abraham gesê? ______________________________

   ____________________________________________________________

   ____________________________________________________________

8. Wat was die plek se naam waarheen hulle gegaan het? ________________

# Oulike idees vir kunsaktiwiteite





Maak 'n sak en teken daarin wat jy dink Abraham en Sara saam gevat het na die nuwe land.







Skakel vir instruksie om hierdie tent te maak:

https://www.paperkawaii.com/origami-tent-or-house-tutorial/



Maak sommer jou eie 'tent' by die huis. Jy kan stoele en komberse gebruik soos op die prentjie. Gebruik ook kussings om dit lekker gemaklik te maak.

# Die regte pad

Help vir Abraham om die regte pad te kry om uit te vind wat God se wil is en waar hy sy tent moet opslaan.




(Ou Testament inkleur-en-aktiwiteitsboek: Die groot Bybel vir klein hartjies)

# Abraham vertrou op God

Abraham het nie geweet waarnatoe om te gaan nie. Hy het gebid en op God staatgemaak om hom te help en te lei. Abraham het geluister en vir God gevolg. God weet altyd wat die beste is vir ons.



(Ou Testament inkleur-en-aktiwiteitsboek: Die groot Bybel vir klein hartjies)